

Herme, die boodskapper

141

Toe Julius die opdrag van Cyrenius uitgevoer het, en beide die soldate vertrek het, kom die twee vroeër uitgestuurde ruiters ook terug en vertel dieselfde wat die boodskapper nou net meegedeel het. Tewens bring hulle 'n berig van die stadsbestuurder met die baie eerbiedige versekering dat hy, sodra die storm ietwat bedaar het, hierheen sal kom en die hoog geëerde gebieder oor alles so noukeurig en gewetensvol moontlik sal inlig. Cyrenius beloon beide ruiters en gee hulle opdrag om uit te rus, en hulle salueer vir Cyrenius en gaan na hul kamerade. Cyrenius rig hom toe weer na die boodskapper en vra hom wie hom nou eintlik as boodskapper gestuur het.

[2] **Die boodskapper** sê, nou ietwat moediger as voorheen: "Vors van die vorste, die nood het my hiernatoe gebring! Ekself, 'n burger van die stad, het tydens hierdie geleentheid, omdat die vuur uiteindelik geen verskil meer gemaak het tussen ons huise en die Judese huise nie, alles wat ek gehad het kwytergemaak, en ek is nou 'n bedelaar. Hierdie mantel, wat my liggaam nou uit nood bedek, het ek van die lyf van 'n dooie Judeër afgetrek en het hom oor my skouers gegooi, anders sou ek naak gewees het, netsoos my vrou en my drie al taamlik volwasse dogters, wat hulle nou al vier onder 'n groot linnedoek agter die huis van hierdie ou Markus bevind."

[3] Ek het egter uiteindelik hier aanwesige Judeërs uit die stad opgeroep om te vlug, sodat hulle op loop kon sit en ek hulle daardeur makliker sou kan herken. Dan kon ek my na hartelus met hierdie skerp spies op hierdie eersteklas spitsboewe gewreek het. As hulle sou vlug, kon hulle slegs oor see verder kom, want vir die oorblywendes is daar al oral wagte uitgesit deur die bestuurder van die stad wat die spitsboewe sou vang en dan sou dit gladnie so goed met hulle gegaan het nie!

[4] Vors van die vorste! Ek is 'n Griek en weet nog wel iets van krygstaktiek. Hulle is nou egter al in orde, daarvandaan ontsnap die spitsboewe ons nooit! Dit sou trouens ook glad geen kwaad gedoen het om 'n paar wagte aan die oewer van die see te plaas nie, anders sou die kêrels miskien tog vinnig 'n skip in besit kan neem en daarmee wegvaar."

[5] **Cyrenius** sê: "Laat dit maar, daarvoor is intussen al uitstekend voor gesorg!"

[6] Toe wend **Cyrenius** hom tot Mathael en sê: "Wel, wat maak jy van die berig van hierdie boodskapper?! Tog sal ek eerstens die stadsbestuurder afwag en dan sal ek baie nuuskierig wees om te hoor wat hierdie ortodokse daarteen in te bring het."

[7] **Mathael** sê: "Veel sal u nie daarmee wen nie, want u is nog te weinig op hoogte met die ontelbare gate waardeur hulle so mooitjies vry kan kom. Maar u is nou ietwat beter af as voorheen!"

[8] Maar nou moet eers gesorg word dat die vrou en die kinders van die boodskapper versorg word!

Helena, jy het nog wel 'n paar dae se klere by jou, ook al is dit net hemde, om voorlopig hul naaktheid te bedek!"

[9] Helena roep dadelik een van haar dienaresses en beveel haar om iets paslik te gaan haal. Die dienaress gaan dadelik na 'n tent van Ouran toe en bring vier mooi hemde en vier kosbare, Griekse rokke. Toe sy daarmee by **Helena** kom, sê sy: "Laat die boodskapper jou na sy vrou en dogters bring, klee hulle en bring hulle hier aan hierdie tafel!"

[10] Helena se goedheid maak dat die boodskapper trane van dankbaarheid in sy oë kry en hy bring met 'n vrolike hart die dienaress daar waar sy huilende vrou en sy drie bedroefde dogters op hom wag. Toe hy egter aan die nog in die linne gewikkelde wenendes sê: "Huil nie meer nie, dierbares, want sien, ons het al 'n baie magtige redder gevind! Opperstadhouer Cyrenius is hier en hierdie is waarskynlik sy dogter, wat vir julle vernames en kosbare klere gee soos wat julle nog nooit gesien het nie!" spring vrou en dogters van vreugde te voorskyn en trek hulle vinnig aan. Die boodskapper vou die linne op en steek dit onder sy Judese mantel in. Toe bring hy hulle almal na Helena en hul klere word nat van hul trane van dankbaarheid.

[11] Helena laat die vier vrouetjies langs haar plek neem en onthaal hulle dadelik op brood en wyn, want ook hulle was baie honger en dors. Helena en Ouran praat met die vier en die vertel hulle baie oor die verdrukking van die gelowiges deur die fariseërs. Toe sê **Cyrenius** aan die boodskapper: "Vriend, ek het jou in die begin met die ietwat minagtende naam 'kêrel' betitel, maar omdat ek jou nou beter leer ken het, is ek spyt dat ek jou voorheen op die wyse geminag het. Daarom kry jy nou van my dadelik 'n erekleed!"

[12] Daarop beveel Cyrenius sy dienaars dadelik om 'n pragtige Romeinse erekleed te voorskyn te bring, wat bestaan het uit 'n skitterend geplooi hemp van byssus*, wat tot aan die knieë gereik het, toe 'n toga, wat met goud afgewerk was, en gemaak van 'n weefsel van pragtige blou gekleurde, Indiese sy, vervolgens 'n kosbare, Romeinse voetbekleding, en uiteindelik 'n vernames, Egiptiese tulband, versier met vere en 'n waardevolle smarag. Bowendien laat Cyrenius aan die boodskapper nog ses kosbare onderhemde en honderd pond silwer gee. Natuurlik was die man daardeur buite homself van vreugde en hy het kwalik geweet hoe hy moes begin om Cyrenius vir al hierdie weldade te bedank. * (Byssus was in die oudheid 'n fyn weefsel. Dit was in die tyd van die Farao's ook gebruik vir die toedraai van die Egiptiese mummies.)

[13] Maar **Cyrenius** glimlag self van plesier en sê aan die boodskapper, wat Herme heet: "Gaan na die huis van my Markus, was jou, klee jou en kom as 'n edel Romein terug. Dan sal dit juis tyd wees om die fariseërs hierheen te bring vir 'n openbare verhoor! Want hierdie keer ontsnap hulle my nie meer nie, daarvoor staan ek in! En jy, my edele vriend Herme, sal my goeie dienste bewys!"

[14] **Herme** sê: "Ek wil dit hê, en aan 'n krygslis het dit my nooit ontbreek nie! Maar hierdie mense is nog te slinks vir roofdiere, laat staan vir ons tydens 'n wettige regsak! Om hierdie mense te kan vang, moet net hulle gebruik word wat betroubare getuienis oor hulle gee, want as 'n mens hulle ook aan die woord stel, word 'n mens in die war gebring, bevind hulle uiteindelik nog onskuldig en gee hul waarom hulle vra. Daarom stel ek voor dat hierdie vername spitsboewe gesamentlik gepak word en as voer vir die visse in die see gewerp word, sodat geen haan meer daarna kan kraai nie! As regter het 'n mens dan elke reg voldoende sy gang laat gaan! As hulle hul egter as tiers, hiënas en wolwe wil voordoen, waardeur die mensdom baie angs en verliese ly, moet 'n mens dan hierdie gediertes vooraf nog 'n netjiese verhoor gee?! Nee, sê ek! Hul skade is te duidelik, daarom weg met hulle as hulle te gevaarlik vir die menslike gemeenskap geword het! Vors van die vorste! Hierdie mense is Proteusse, wat onmoontlik te vang is! Hoe meer ons onself inspan om hulle langs 'n politieke weg te vang, te meer sal ons self deur hulle gevang word! Ek ken hulle, al is ek ook 'n Griek! - Maar, barmhartige vors van die vorste, staan my nou nog één vraag toe!"

[15] **Cyrenius** sê: "Wat is dit dan? Praat!"

Voortsetting van die regsak teen die fariseërs

142 **Herme** sê: "Vors van die vorste, daar, op ongeveer tien treë van hierdie tafel staan 'n Man met 'n wonderlik vriendelike, en tewens baie wyse gelaat, wat 'n meisie by Hom het. Die meisie, wat baie lief en hartlik daar uitsien, is met Hom in gesprek en as Hy iets sê, gee sy blyke van 'n onbeskryflike, salige vreugde daaroor! Wie is die wonderlike Man? Ag, wat 'n waardigheid straal daar gewoonweg uit Sy héle wese! Hoe edel sien die menslike vorm tog daaruit by so 'n wonderheerlike Gestalte! En bykans almal kyk na Hom! Te oordeel aan Sy kleding moet hy 'n Galileër wees! Kan u my iets oor hierdie Man vertel? O gode, hoe meer ek die Man sien, hoe meer word ek letterlik verlief op Hom! Ek neem my vrou en my drie dogters nie kwalik as hulle nouliks hul oë van Hom kan afwend nie! Ek sal my lewe daarop verwerd dat hierdie Man 'n goeie, edel en wyse Mens is! Maar wie, wie, wie en wat is Hy! Vors van die vorste, vertel my dit en daarna kan ons dadelik die spitsboewe onder hande neem! O, vryspring sal hulle in geen geval meer nie, ons moet egter net nie ernstig op hul getuienisse ingaan nie!"

[2] **Cyrenius** sê: "Vriend Herme, wat die Man betref, sê ek jou eersterangs maar net dat Hy onder ons mense, sê maar 'n God is! Voorlopig is Hy slegs 'n geneesheer uit Nasaret, - maar wat 'n geneesheer! So Een het hierdie aarde nog nooit gedra nie! Alles anders sal jy wel later uitvind! - Maar nou gaan ons

begin, en sê jy in die vervolg nie meer 'Vors van die vorste' nie maar 'vriend en broer' aan my!"

[3] **Herme** sê: "Uitstekend, ek hou my by elke opdrag en vir hierdie sou ek wel van dank wou sterwe uit hoogste agting en liefde vir u! Maar, geëerde vriend, sê my vooraf nog wie tog die besonder mooi jongman by die Geneesheer is! Is dit dalk Sy seun en die meisie Sy dogter?"

[4] **Cyrenius** sê: "Ja, ja, vriend, jy het dit korrek beoordeel, - maar nou gaan ons werk!"

[5] Na hierdie woorde laat Cyrenius die owerste van die fariseërs weer kom en vra hom of hy die boodskapper ken.

[6] **Die owerste** sê: "Wie sou nie die beroemde sanger en sitterspeler ken nie?! Ons het reeds 'n wonderbaarlike genot ervaar uit sy liedere! Dit is net baie jammer dat hy nie oorgehaal kan word tot die geloof van ons vaders nie; waarlik, hy sou ons groot Dawid oortref het! Hy is 'n uiters eerlik, regskepe en gevoelige mens, hy hou hom net gladnie met ons op nie, wat ons hom graag vergewe, omdat ons tog nie kan verlang dat hy ons instellings, wat wel baie onmenslik skyn te wees, met sy verstand aanvaar en verstaan nie!"

[7] **Cyrenius** sê: "Hierdie Herme is egter julle belangrikste aanklaer en hy het my nou vir die tweede keer maar al te duidelik dit bevestig wat 'n geloofwaardige getuie vroeër oor julle verklaar het! Dit is vir my rede om u te beskou as erge en gemene misdadigers, terwyl u daarby nog die skandalige brutaliteit besit het om skadevergoeding van my te vra omdat hulle deur u eie bose hebsug, veragtelike en verfynde moordenaars en brandstigters geword het! - Wat het u daarop te sê?"

[8] **Die owerste** sê baie bedaard: "Meneer, ons koester heeltemal geen wrok ten opsigte van Herme nie. Ons weet reeds lank dat 'n mens wat nie die minste begrip van 'n saak het of enige ander kennis besit nie, nie anders kan oordeel as wat sy beperkte beoordelingsvermoë hom toelaat nie. Wie kan ooit 'n wrok koester teen 'n mens wat van die dak val, en deur sy val 'n mens wat onder die dak sit, doodmaak?! As die brawe sanger Herme nou ook ons vyand wil wees, dan is daar niks daaraan te doen nie, tog sal ons geen vyand van hom word nie! Eintlik is alles wat hy oor ons gesê het, ook heeltemal korrek. Maar in Europa is daar by Sicilië 'n gevaarlike plek wat in die see lê, wat 'n mens Scylla en Garybdis noem; wie voorspoedig verby Scylla vaar, word vervolgens deur die draaikolk by Garybdis verswelg! Ons het ons vannag ook in 'n werklik morele Scylla en Garybdis bevind en ons vra u nou: Wat moes ons dan eintlik gedoen het wat vir u as Romeine volkome sou tevrede stel?"